Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
18 November 1973

Onderwerp: Die Kerk

Lees: Efésiërs 2 verse 13 tot 22
1 Korinthiërs 12 vers 12

Teks: 1 Korinthiërs 12 vers 12

Sing: Psalm 84 vers 1
Gesang 155 vers 6
Gesang 52 vers 7

"Dit is nie 'n maklike taak om met u oor die Kerk te praat nie, want elkeen, ook elke gelowige, het sy eie siening en opvatting hieroor.

"As daar van die Kerk gepraat word, dink sommige aan 'n gebou; ander aan 'n georganiseerde aardse gemeente; ander aan 'n onsigbare samevoeging van gelowiges van alle tye en plekke.

"Sommige ondervind die gewaarwording van blydskap en innige dankbaarheid wanneer daar oor die kerk gepraat word, terwyl ander 'n vlaag van afsku en woede ervaar.

"Sommige is van mening dat daar 'n besieling en lewensbevrugting vanuit die kerk kom, wat tot heerlike hoogtes voer. Ander is van mening dat die begrip kerk in ons moderne samelewing hoort in die argief of in geskiedenisboeke.

"Sommige beskou die kerk as 'n onontbeerlike instelling, tot heil en voordeel van die mens. Ander ag dit 'n oorbodigheid wat mense bekrompe en onmondig maak.

"Sommige maak sovéél erns met die vereistes van die kerk, dat hulle in 'n sekte ontaard. Ander weer soek die breë basis en eenheid bó geloofsverdeeldheid, sodat almal as magtige organisasie saamgebind kan word, soos die Wêreldraad van Kerke.

"Dit lyk asof elkeen sy eie opvatting oor die kerk het. En tog het ons hier te doen met 'n heerlike waarheid wat vir ons geen probleem hoef te skep nie. Die Woord van God stel dit só duidelik, dat ons dit kan beleef en bemin.

"Die Skrif gebruik verskillende beelde om hierdie heilsgeheim aan ons te verklaar. Dink aan die beeld van die Herder en sy kudde; die rank en die Wynstok; die

Bruidegom en sy Bruid; die gebou waarvan Jesus Christus die Hoeksteen is. Maar een beeld wat die werklikheid van die Kerk op weergalose wyse voor ons oë stel, is die beeld wat Paulus in ons teks gebruik. Dit is die beeld van ’n liggaam, waarvan Jesus Christus die Hoof is.

“Broers en Susters, daarom wil ek begin deur te sê: die Kerk kan dus nooit losgedink word van Jesus Christus nie. Jesus Christus en die lede van sy Kerk vorm ’n onlosmaaklike eenheid. As ons aan hierdie waarheid vashou, dan verdwyn talle probleme rondom die begrip van die Kerk.

“Die Kerk is Jesus Christus se Kerk; en nie u of my kerk nie! Ons praat so graag en dan nogal met ’n Fariseërs-trots van ‘ons kerk’. Die Kerk behoort nie aan ons nie. Nee, ons behoort aan die Kerk en die Kerk aan Jesus Christus. Daarom Broers en Susters, moet radikaal afgesien word van die gedagte dat die Kerk ’n vereniging of genootskap is. Ons behoort nie aan die Kerk soos aan ’n sanggroep, of debatsvereniging of begrafnisvereniging nie.

“Daar is wel mense wat ’n vereniging van die kerk maak. Hulle sluit dan aan of bedank na eie goeddunke. Hulle bepaal hulle subskripsie of bydrae, of nie. Hulle kies hulle bestuur of kerkraad soos dit hulle geval. Hulle organiseer by tye heftig om die getalle op te stoot; óf hulle verloor soms alle belangstelling in die kerk. Met ander woorde, alles hang van hulle af: of hulle Sondae die kerk besoek; of hulle Nagmaal gebruik al dan nie; en of hulle die Doop aan hulle kinders laat bedien, is hulle saak of keuse en niemand het iets daarmee te make nie. Broers en Susters, hierdie menslike willekeur wat van die kerk ’n gewone vereniging maak, is uit die Bose.

“Die Bybel leer die teendeel. Die Kerk is ’n instelling van Jesus Christus. Jesus Christus staan in die sentrum daarvan. Dit is Hý wat as die Seun van God vir Hom ’n gemeente vergader uit die ganse menslike geslag. Dit is ’n gemeente wat Hý beskerm en onderhou.

“Met al ons gewaande voortreflikhede, met al ons ywer, kan ons nooit ’n gemeente stig of bou nie. Vanweë ons sonde en swakheid kan ons geen enkele steen inmessel in hierdie gebou nie; en geen enkele skaap toevoeg tot hierdie kudde nie. Nee! Alleen die Herder vergader hulle. Net Jesus Christus doen dit. Hy alleen! Hy vergader almal wat tot die ewige lewe uitverkies is.

“Ten diepste het die Kerk dus sy ontstaan deur die verkiesende liefde van God. Jesus Christus het bepaal of u en ek lede van die Kerk sal wees, of nie. Hoe kan ons dit dan aan willekeurige menslike beslissing onderwerp?

“Jesus Christus gebruik twee middele om sy Kerk te vergader: sy Gees en sy Woord. Deur hierdie twee kragtige instrumente roep God sy Kerk tot saligheid vanoor die hele wêreld, uit elke stam en taal en nasie. Hy neem hulle op tot gemeenskap met Hom. Hulle word deur bekering en wedergeboorte lede van sy Liggaam.

“Natuurlik wek Hy die geloof in hulle harte. Dit is die onsigbare en onverbreekbare band wat hulle nie net aan Jesus Christus nie, maar ook aan mekaar verbind as lede van dieselfde Liggaam. Die geloof bring lewe in dooie beendere. Die geloof wat deur die Gees bewerk word, bring lewe en aksie, sodat die Liggaam tot verheerliking van die Hoof in beweging kom.

“Nou weet u wat die Kerk is. Dit is die Liggaam van Jesus Christus. En nou weet u waarom die Apostoliese Geloofsbelydenis bely: ‘Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges’.

“Die Kerk is dus ten diepste een. Dit het een Hoof en een Liggaam. Al die verdeeldheid en gespletenheid is as gevolg van sonde. Laat ons onthou wat Jesus Christus gebid het: ‘… dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees’. (Joh 17:21) Dit is ook die grondtoon van ons teks. Daar is ’n mistieke eenheid. Hierteenoor kom alle skeuring uit die sonde. Mag God gee dat ons tot ware eenheid sal kom. ’n Eenheid wat gesoek moet word op die weg van die Waarheid, soos opgeteken in die Woord van God.

“Maar die Kerk is ook heilig. Nie omdat dit heilige, vlekkelose en sondelose mense as lede het nie, maar omdat hulle geheilig en gewas is deur die bloed van Jesus Christus. En dit is die Heilige Gees wat hulle roep om Jesus Christus as Verlosser aan te neem. Daarom praat die Apostel van geroepe heiliges.

“Heilig beteken afgesonder tot ’n besonderse diens aan God. Dit moet die strewe wees van elkeen wat tot die Liggaam behoort. Die verlange om welbehaaglik vir God te lewe, moet alles oorheersend wees.

“Die Kerk is ook algemeen omdat dit almal insluit wat Jesus Christus in die geloof as Saligmaker erken. Dit is gelowiges uit alle tale en nasies. Dit sluit gelowiges in

wat reeds geleef het, nou leef en nog sal leef. Dit omvat die strydende en die triomferende Kerk.

“Die Kerk is Christelik omdat Jesus Christus die Hoof is en dit bestaan uit mense wat in Jesus Christus glo. Dit is mense in wie se lewens Christus Jesus die bron, krag, reël en doel is.

“Broers en Susters, nou is daar een vraag wat hom na vore dwing. Kan elkeen van ons, in die lig van die voorafgaande, bely dat ons ’n lid is van hierdie Kerk en dit sal bly?

“Indien daar in u hart die vlam van die geloof brand in Jesus Christus as u persoonlike Saligmaker en Hoof van die Kerk, dan kan u nie anders as om ook lidmaatskap aan sy Liggaam te bely nie. Die verbintenis aan Christus Jesus bind u tegelykertyd aan die Kerk. Indien u in ’n regte verhouding tot Jesus Christus staan, staan u ook in die regte verhouding tot u medegelowiges.

“Ek is dus nie lid van die Kerk weens my edel geboorte; óf my vrome ouers; óf my kerklike aktiwiteite; óf my diens op die kerkraad nie, maar danksy my verkiesing deur God. En ek bly dit vir ewig. Ek is ’n lewende lid omdat daar aan die liggaam van Jesus Christus geen dooie lede kan behoort nie. Daarom moet jy nie vra: Wat het ek aan die kerk nie, maar wat het die Kerk aan my?

“Hierdie Kerk is ’n gemeenskap van die Heiliges. Met ander woorde dit is nie uitnemend net ’n vertikale verhouding met Jesus Christus nie, maar ook ’n horisontale gemeenskap met die ander gelowiges in Jesus Christus se Kerk. Dit vorm ’n kruis, waarvan Jesus Christus die middelpunt is. Die een is nie sonder die ander moontlik nie. Met ander woorde, ons kan nie die gemeenskap van Christus Jesus onder ons voete vertrap en reken dat daar van die onderlinge gemeenskap iets in ons lewens tereg sal kom nie, of anders om. Dit is vanselfsprekend dat die lede van die Liggaam onderling niks vir mekaar kan beteken as daar nie ’n lewende verbinding met die Hoof is nie.

“Maar het die kerk dan nie ook foute nie? O, ja! Die kerk is nie volmaak nie.

“Daar is verskillende maniere waarop mense die foute van die kerk kan hanteer. Jy kan dit aanvaar as onvermydelik; die foute goedpraat; dit ontken; óf dit gebruik om die kerk na buite af te takel. Maar dit is nie hoe ’n mens dit moet benader nie.

“Die enigste korrekte optrede is om dit in gebed voor God te bring en jou te beywer om dit reg te stel.

"Ken u die gemeenskap met u Borg en Saligmaker? Ken u ook die onderlinge gemeenskap tussen gelowiges? Weet u hoe heerlik dit is? Het u al ervaar: 'En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.' (1 Kor 12:26)

"Jesus Christus bewaar en onderhou sy Kerk. Hy is ons Borg. Hy skenk ook aan sy Kerk vergifnis van sonde en die ewige lewe.

"Daar rus ook *'*n verpligting op u en my. Ons moet lewende lidmate wees van hierdie Kerk. Ons moet ander beweeg om lede te word. Ons moet die Kerk op alle maniere ondersteun.

"Laat ons die Kerk liefhê, vir die Kerk bid en vir die Kerk lewe.

"Amen."

Kommentaar:

Dominee Bester verwys in hierdie preek na die *Wêreldraad van Kerke.*

Die *Wêreldraad van Kerke* gee voor dat dit volgelinge van Jesus Christus verteenwoordig, terwyl dit in werklikheid besig is om *'*n *New Age* Gnostiese *Christ* te propageer wat kwansuis alle gelowe verteenwoordig. Prof. Peter Beyerhaus, *'*n voormalige sendeling vir die *Berlin Mission Society* in Transvaal en Natal, later rektor van die *Lutheran Theological Seminary* in Natal en daarna dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Tübingen in Duitsland, skryf in sy boek *Towards One World Religion? An exposure of the Interfaith Movement:*

"In 1961 the World Council of Churches had its third assembly in New Dehli. Their theme was: *'Jesus Christ, the Light of the world.'* But when they spoke of Jesus being the light of the world, they did not really mean that Jesus Who was born in Bethlehem, walked in the land of Canaan, and died on Calvary. They had a new understanding of the so called *'Cosmic Christ.'* … They say even the Muslims, Hindus and Buddhists are actually Christians, and the cosmic Christ also created them. The only difference between the Hindus and the Christian is that the *'Hindus do not know the name well*'.

"Therefore Karl Rahner, a Catholic theologian, calls them *'anonymous Christians'*.

"... only seven years later, in Uppsala 1968, the WCC changed its final target. It was no longer solely working for the reunification of the church, but for the *'new humanity in a coming world community'* - a world community which should embrace the people of all cultures and races, religions and ideologies, so that there should no longer be any gaps and divisions, no more fighting, and no more oppression."[1]

"I have observed very carefully the different steps of this new programme of dialogue. I was in Bangkok in 1973. The conference was not opened by a leading Christian bishop, it was opened by the President of the World Buddhist Society. She invoked all the deities of the different religions to give us salvation today."[2]

Tydens die Sewende Vergadering van die *Wêreldraad van Kerke*, wat in Canberra, Australië gehou is vanaf 7 tot 20 Februarie 1991, is selfs 'n waarskuwing tot Christene gerig wat Jesus Christus as enigste Verlosser bely. Die Australiese koerant *The Australian* van 11 Februarie 1991 het daaroor berig in 'n artikel getiteld *Alle Gelowe is een met God - WRK*:

"Die Wêreldraad van Kerke het ekumenisme die naweek tot sy verste perke gevoer en beweer dat Moslems, Hindoes en andere op dieselfde wyse as Christene gered word en het laasgenoemdes teen 'eng' denkwyses gewaarsku."[3]

Prof. Beyerhaus het in 1975 'n toespraak gelewer by die Rhodes-Universiteit te Grahamstad met die titel *Die Gevaar en Vals Leerstellings van die Wêreldraad van Kerke*, waarin hy gewaarsku het:[4]

"Ek is oortuig dat die Wêreldkerk vandag onder bedreiging staan om deur die gees van ons teenswoordige tyd gevange geneem te word ... en hierdie gees is NIE die gees van Jesus Christus nie."

"'n Wind van verandering is nie net besig om oor Suid-Afrika te waai nie, maar oor die Christendom wêreldwyd. Hierdie veranderinge is nie die werk van individuele persone, of enkele teologiese partye nie. Hulle is slegs aanwysers of instrumente van 'n eietydse gees, al tree hul op as hoof ideoloë, amptenare, rebelle

of samesweerders. Ons het ’n beslissende nuwe uur in die geskiedenis betree. En hierdie nuwe uur konfronteer ons met onverwagte nuwe geleenthede, druk en gevare. Nuwe kragte is vrygelaat om ’n aanspraak te maak op die mensdom. En hulle sal ook die Kerk meesleur as dit nie ferm gegrond is op die onveranderlike belydenis van Jesus Christus as God en enigste Saligmaker nie. Slegs die Kerk wat WEEREENS hierdie FERM FONDAMENT handhaaf, sal die oorhand van die oop hekke van die hel ontkom.”

“Ons moet versigtig wees om nie naïef te glo dat die eenheid”, wat in hierdie nuwe gees gepropageer word, “die eenheid is wat gelowiges vind in die gemeenskap met die Liggaam van Christus nie...”

“Inderdaad, organisatoriese kerkeenheid is ’n doelwit wat steeds met dringendheid deur die Wêreldraad van Kerke bevorder word. Gevolglik propageer hulle en is betrokke by ’n menigte hedendaagse eenwordingskemas. Maar die vereniging van kerke is slegs een tree in die rigting van ’n veel meer omvattende doelwit. Hierdie doelwit is niks minder as die eenwording van die totale mensdom nie, ongeag die kulturele, sosiale, politiese, godsdienstige of ideologiese verskille. Die naam wat aan hierdie wyer opvatting en program gegee is en wat die werklike sleutelkonsep van die ekumeniese beweging geword het, is die woord: WêRELD GEMEENSKAP.”[5]

Spiritualiteit

Professor Beyerhaus het ook ’n *Workshop on Spirituality* beskryf wat gehou is tydens die Algemene Vergadering van die *Wêreldraad van Kerke* in Nairobi, Afrika in 1975:

“It was very secret and locked, nobody was allowed to enter it. There were Christians of different traditions (Catholic, Orthodox and Pentecostal), experts on Hinduism and Buddhism, and atheists, who didn’t believe in any God at all. The idea was to jointly work out a spirituality which would enable the WCC to combat all the evils of society.”[6]

Wees gewaarsku dat leringe oor die “spiritualiteit” van die Christelike geloof tans in Christenkerke verkondig word. Dit is daarop gemik om aansluiting te vind by die

"gemeenskaplike spiritualiteit" van ander gelowe. Die uiteindelike oogmerk is 'n wêreldgodsdiens onder die *New Age* Christus *Maitreya the Christ*, wat kwansuis alle gelowe verteenwoordig. Dit is die eindtydse Antichris waarteen die Bybel waarsku.

Indien jou kerk besig is om die spiritualiteit van die Christelike geloof te ondersoek, veral in vergelyking met die spiritualiteit van ander gelowe, moet jy weet dat jou kerk deur Vrymesselaars geïnfiltreer en gekaap is.

Vrymesselaars word bestempel as die voetsoldate van die *New Age* Beweging.

Die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* is 'n front van die *Wêreldraad van Kerke*.

Bibliografie

Beyerhaus, Dr. Peter. *Towards One World Religion?* Kwasizabantu, South Africa: Kwasizabantu Mission, 1992.

Beyerhaus, Prof. Peter. "Die Gevaar en Vals Leerstellings van die Wêreldraad van Kerke." Toespraak by die Rhodes-Universiteit te Grahamstad, Suid-Afrika, 1975.

"WRK bevorder Eenwêreldgodsdiens." *Signposts*, 1991, Vol. 10, No. 3A.

Notas

1 Beyerhaus, *Towards One World Religion?* pp. 8 - 9.
2 Ibid. p. 10.
3 "WRK bevorder Eenwêreldgodsdiens" *Signposts* p. 3.
4 Beyerhaus, *Die Gevaar en Vals Leerstellings* pp. 1 e.v.
5 Ibid. pp. 1 e.v.
6 Beyerhaus, *Towards One World Religion?* p. 10.